Teksgedeelte: Matteus 26:36-46 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 49
Teksvers: Matteus 26:36, 39
Tema: Vader, laat U wil my lewe regeer!

Dit gebeur gereeld dat ons vir mekaar sê dat ons in die voetspore van Jesus moet volg en dat ons moet doen wat Jesus van ons vra. Maar hoe staan dit as ons begin praat oor God se wil en hoe Jesus Christus gehoorsaam was aan die wil van sy Vader? Om aan sy Vader se wil gehoorsaam te wees, was nie net `n mooi gedagte vir Jesus gewees nie. Dit het sy lewe gevra! Trouens, daardie hele nag voor sy kruisiging leer ons baie oor hierdie gebed "laat U wil geskied" en dit begin reeds in die tuin van Getsemane.

Getsemane...selfs die naam vertel vir ons van die pyn wat Jesus daar reeds sou ervaar. Getsemane beteken olyfpers en die tuin se naam kom van die olyfbome wat in die tuin is en waarvan die olywe vir olie geoes was en daar deur die olyfpers pap gedruk is. Hier, in die tuin waar die olywe gepers is, is ons Verlosser ook gepers; is Hy deur die realiteit van God se wil gedruk om tot sy en ons Vader te bid:

"*My Vader,as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.* "

Ons Here Jesus Christus is hier besig om van die diepste lyding te ervaar: Sy binnekring, Petrus, Jakobus en Johannes lê en slaap terwyl hulle eintlik saam met Hom moet bid. Hier reeds begin Petrus om vir Jesus te verloën deur nie saam te bid nie, sy ander dissipels slaap ook en een van sy ander dissipels, Judas Iskariot, is besig om Hom te verraai en die mense na Hom toe te vat wat Hom moet arresteer.

Hy is bewus daarvan dat sy naby-mense, die dissipels, sy ma Maria en Maria Magdelena binne-kort baie hartseer gaan beleef oor sy arrestasie, marteling, kruisiging en dood. Hy is bewus daarvan dat Hy deur sy hemelse Vader verlaat gaan word en dat Hy die wêreld se sondes op Hom gaan moet neem. Hy is bewus daarvan dat Hy God se beker van oordeel oor die sondige mens gaan moet drink, sodat die wat in Hom glo gered kan word.

Maar nogtans bid Hy dat sy Vader se wil moet geskied! Wat vra Hy as Hy bid dat sy Vader se wil moet geskied? Christus bid hier, terwyl Hy die grootste moontlike lyding alreeds beleef nogtans dat God se wil moet geskied. Met hierdie klein woordjie "nogtans" plaas Jesus ons Vader se wil bo sy eie, menslike wil.

Waarom het Jesus dit gedoen? Hoe kon Hy dit reg kry om nogtans sy Vader se wil te soek en nie sy eie nie? Hy het dit gedoen omdat Hy weet dat die Vader se wil alleen goed is, soos ons in die Heidelbergse Kategismus bely. Al was Hy soos `n olyf pap gedruk deur die vrees en angs wat Hy beleef het, het Hy geweet dat dit juis deur hierdie lyding is wat die helderste lig kan skyn!

Met watter houding moet ons dan bid dat God se wil oor ons lewe regeer wanneer ons in die voetspore van Jesus wil volg?

Hier kan ons by die olyfboer gaan leer: hoe harder die olywe in die olyfpers gedruk word, hoe skoner is die olyfolie wat gelewer word en hoe beter is die gehalte daarvan. Die swaarkry wat ons beleef wanneer ons ons eie wil prysgee, gebruik God om ons vertroue te leer.

Dit beteken dat alles wat gebeur goed is, al is dit nie lekker of gemaklik nie, want alles gebeur binne ons Vader se wil. Daar is nie iets wat gebeur wat op `n manier deel vorm van God se wil nie. Dit beteken egter nie dat God die outeur van die slegte dinge in ons lewens is nie, maar dat Hy hierdie slegte dinge op sy manier tot sy eer gebruik.

Ons verstaan nie altyd hoe hierdie dinge werk nie en ons sal ook nie. Wanneer ons bid dat God se wil sal geskied, bid ons ook nie per slot van rekening dat ons sal verstaan hoekom dit alles gebeur nie. Wanneer ons bid dat God se wil sal geskied, vra ons vir God om ons te help, sodat ons in vertroue sal leef dat ons veilig in die holte van sy Vaderhand is.

Dit is om hierdie rede ook dat Habakkuk in hoofstuk 3 kan sê dat hy nogtans in die Here sal jubel en juig in God sy redder, want hy weet dat al sou die vyeboom nie meer bot nie, en daar nie meer druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyf-oes misluk en die lande nie `n oes lewer nie en sou daar ook nie meer kleinvee en beeste wees nie, nogtans is alles in die hand van die Here en onder die beheer van sy wil.

Wanneer ons só na die wil van God kyk, dan besef ons dat God se wil met ons lewens groter as net onsself is en dat dit nie net gaan oor die groot gebeure in ons lewe nie. Veral ook in die klein, alledaagse dinge van die lewe moet God se wil ons optrede en lewe bepaal. Dan gaan dit oor die getuienis wat ek met my lewe kan gee.

Ons bely in die Heidelbergse Kategismus dat ons ons amp en beroep so gewillig en getrou moet uitvoer soos die engele in die hemel. Dit beteken dat die werk wat ek het en die plek wat ek in die koninkryk van God uitleef, deel is van God se wil. Hoe ek situasies in my lewe hanteer getuig van hoe ek God se Naam heilig hou en sy koninkryk uitleef. Om te bid “laat U wil geskied” beteken dat elke deel van my lewe onder die heerskappy van Jesus Christus deur die Heilige Gees moet staan.

Wanneer ons dan bid dat God se wil sal geskied, bid ons en vra ons dat God deur sy Heilige Gees in my sal werk sodat my wil in lyn met God se wil sal wees en dat ek sodoende sonder enige teëpratery gehoorsaam aan sy wil sal wees. Dat ek by Hom die krag sal kry om volgens sy wil te lewe en nie volgens my eie wil nie. Om vir God se wil in jou lewe te bid, ondanks dit wat ek beleef, is dus `n gebed waarmee ons vir die Here vra dat ons wil gebuig sal word om in lyn met sy wil te wees, sodat sy Naam daardeur geëer kan word.  Laat ons daarom met `n opregte begeerte bid: Vader, laat U wil my lewe regeer!

Amen